

Droomdraers
WAAR HOOP
DIE TOEKOMS ONTMOET
NOORDELIKE SINODE
18 - 22 OKTOBER

Verblyf

Kaart en Aanwysings:

GPS: S24° -50.950" E28° -20.233"



Chalet	Beskrywing
B – B1 tot B18	2 slaapkamers met 2 enkelbeddens in elke kamer en 1 bed in die gang. Aantal gaste: **Maksimum 5**
C – C1 tot C18	2 slaapkamers met 2 enkelbeddens in elke kamer en 1 bed in die gang. Aantal gaste: **Maksimum 5**
D – D1A & D1B tot D18A D18B	1 slaapkamer met 2 enkelbeddens en 1 bed in die sitlokaal/gang. Aantal gaste: **Maksimum 3**

Kamp- en Staanplekke

- **Sirkel 3** (sien kaart) en Sirkel 4 is uitgesit vir sinode-kampeerders.

- **Beskikbare staanplekke is**
  - Sirkel 3A tot 3O (3P is reeds bespreek) = 15 kampplekke in Sirkel 3.

- **Let wel:** As jul langer wil bly, maw na die 22ste nog wil aanbly, oorweeg Sirkel 4 want Sirkel 3 is net beskikbaar tot die oggend van die 22ste Oktober.

Fasiliteite in elke chalet

- Die chalets word daagliks skoongemaak (beddens opmaak, uitvee en skottelgoed was). Beddegoed word voorsien.
- Daar is ‘n kluis waarin waardevolle items gebêre kan word.
- Daar is ‘n yskas, ketel, mikrogolf en die nodige breekgoed in elke chalet. Elkeen kry ‘n badhanddoek, maar afgevaardigdes moet eie **swemhanddoeke** bring.
- Daar is geen kruideniersware soos koffie, tee, melk en suiker in die chalets nie. Indien julle laataand / vroegoggend koffie wil drink by die chalet, moet julle self daarvoor sorg. Daar word egter 7:00 soggens koffie, tee en beskuit bedien aan die groep by die saal.
- Daar is Wi-Fi in die saal beskikbaar (versterkte wi-fi) maar daar is nie in die chalets wi-fi nie. Daar is televisiestelle in die chalets (TV 1, 2 en 3).